PERSVERKLARING

Ontwikkelende program help produsente landbouleer klim

NWK het 50 ontwikkelende produsente in dié Maatskappy se bedieningsgebied op 25 November 2009 vanjaar vereer vir ‘n boerderybestuurskursus wat hulle suksesvol voltooi het.

Dié inisiatief is van stapel gestuur nadat NWK ‘n algemene behoefte aan bestuurs- en tegniese vaardighede, asook kennis oor finansies en meganisasie onder dié ontwikkelende produsente geïdentifiseer het.

Die nege maande-kursus bestaan uit twee gedeeltes, naamlik: besigheids- en plaaspraktyk. Die modules wat hulle gedurende die besigheidspraktyk-kursus voltooi het, behels bestuursbeginsels, doeltreffende gebruik van elektrisiteit op plase, plaasbesigheidsbestuur, finansiële en personeelbestuur. Die tweede gedeelte van die kursus het ‘n meer praktiese aanslag ten opsigte van vee- en graanboerdery gehad en het primêr gefokus op produksie-aspekte.

Tydens die geleentheid op Lichtenburg het 34 leerders ‘n sertifikaat vir bevoegdheid ontvang, terwyl 16 ‘n sertifikaat vir bywoning ontvang het. Erkenning is ook aan die produsente gegee wat gedurende die kursus uitgeblink het. Een leerder het ‘n spesiale erkenning gekry, drie het merietetoekennings ontvang en me. Deliwe Mutlwane van Frisgewaagd in die Delareyville-distrik is as die toppresteerder aangewys.

Die terugvoer wat die leerders oor die program gegee het, is baie positief. “Die kursus was ‘n openbaring vir my. Ek het so baie dinge, wat ek gedink het is nie belangrik nie, in die verlede geïgnoreer. My lewe het sedert die afloop van dié program verander,” het Lucas Sentsho gesê.

Volgens Heinrich Krüger, voorsitter van NWK se Direksie, is die rol wat die produsent in ‘n ontwikkelende program soos dié speel, baie belangrik. “Die bestuurspan van so ’n program kan hul verantwoordelikhede tot die beste van hul vermoë uitvoer, maar die produsent bly steeds die instrument wat nodig is om sukses te verseker,” het hy tydens sy toespraak gesê.

NWK het ook dié dag hul eie oorhandigings vir die 2008/2009-seisoen gedoen. Ses produsente het erkenning gekry vir kommersiële produsentestatus wat deur hulle bereik is. Sertifikate is ook in die volgende kategorieë uitgedeel: Die mees belowende produsent van die jaar in die 100 hektaar en kleiner kategorie, 101 hektaar tot 250 hektaar kategorie, 250 hektaar plus kategorie en die beste ontwikkelende sonneblom- en mielieprodusent. NWK Krediet het ook twee toekennings vir goeie finansiële bestuur gemaak.

Agriseta het finansieel bygedra tot dié program, wat deur ITO Focus Bathopele, ‘n geakkrediteerde opleidingsmaatskappy, aangebied is.

Me. Deliwe Mutlwane is as die toppresteerder in die ontwikkelingsprogram aangewys asook as NWK se mees belowende produsent van 2008/2009. Danie Marais (besturende direkteur: NWK) het die sertifikate aan die leerders oorhandig.

Uitgereik deur Infoworks op 8 Desember 2009
Ruth Davies
Tel: +27 18 468 2716
ruth@infoworks.biz
Namens: Johan Bezuidenhout
Bestuurder: Korporatiewe Bemarking, NWK
Tel: +27 18 633 1368
jbezuidenhout@nwk.co.za

www.nwk.co.za